

PROTEÏENLEKKE

RUMEVITE BEESBLOK

Klas: Proteïen- en Mineraalaanvulling vir Herkouers

RUMEVITE BEESBLOKKE is seker die heel gerieflikste manier waarop 'n onderhoudslek aan beeste verskaf kan word:

- is gereed om te voer en geen verdere byvoegings word benodig nie;
- is 'n gekonsentreerde bron van proteïen in blokvorm wat aanleiding gee tot 'n laer koste per eenheid proteïen;
- help vertering van droë ruvoer en weiding aangesien dit proteïen en spoorelemente verskaf wat die mikro-organismes in die grootpens stimuleer.



SAMESTELLING VAN RUMEVITE BEESBLOK

REG NR V10932 (Wet 36/1947) N-FF 0627

		(g/kg)			(mg/kg)
Ruproteïen*	(min)	400	Mangaan		160
Ureum	(maks)	124	Koper		40
Ruvesel	(maks)	20	Kobalt		0.4
Vog	(maks)	140	Yster		200
Kalsium	(maks)	48	Jodium		8
Fosfor	(min)	4	Sink		160
Magnesium	(min)	8	Selenium		0.4
Swael	(min)	5			
			Vitamien A (IE/kg)		20 400

*89 % afkomstig vanaf NPN

Verpakking – 25 kg

Sien ureumwaarskuwing

VOEDINGSINSTRUKSIES


Beeste: Voorsien 1 Rumevite Beesblok per 15 beeste.

AANBEVOLE INNAME

(g/dier/dag)

Beeste:

375 – 600



VOERMOL

UREUMWAARSKUWING

UREUM

Die meeste lekke bevat ureum wat onder sekere omstandighede gevare inhou. Tydens die formulering en vervaardiging van **Voermol-lekke** word daar gepoog om die risiko van ureumvoeding so laag as moontlik te hou. Die voorkoms van ureumvergiftiging kan verder verlaag word deur op die volgende te let:

- gebruik lekke volgens voorskrif;
- beperk lekinname tot die voorgeskrewe maksimum vlak;
- voer lekke saam met voldoende weiding en/of ruvoer;
- tref spesiale voorsorg tydens voerskaarste (droogtetoestande) om hoë lekinname te voorkom;
- voorkom die oormatige aanvanklike lekinname (southonger) deur diere, vir die eerste 14 dae, toegang tot **Voermol Rumevite 6P** te gee;
- moenie dat die lek natreën nie.

Sien ureumwaarskuwing agter op sak.

UREUMWAARSKUWING

Hierdie veevoedsel bevat NPN-(Nie-Proteïen Stikstof) bronne en moet daarom streng volgens die gebruiksaanwysings vermeng en gevoer word.

- Asyn is 'n doeltreffende middel teen NPN-vergiftiging. Meng met gelyke hoeveelheid water en doseer 'n halwe bottel per kalf/skaap en 2 – 4 bottels per bees (1 bottel = 750 ml).
- Beskerm hierdie veevoedsel teen reën. NPN is oplosbaar en diere wat so 'n oplossing drink kan vergiftig word.
- Moet nie die veevoedsel onoordeelkundig saam met ander NPN-bevattende veevoedsels voer nie. Raadpleeg 'n veekundige.
- Meng hierdie konsentraat deeglik met die voorgeskrewe bestanddele.
- Hou lekbakke vol en verhoed dat honger diere hul oorvreet. 'n Konstante daaglikse voeriname voorkom vergiftiging.
- Voordat 'n NPN-bevattende lek gevoer word, moet 'n gewone sout/fosfaatlek vir minstens 7 dae gevoer word.

GMO OPMERKING

Hierdie dierevoedsel mag grondstowwe bevat wat van GMO (geneties gemodifiseerde organismes) oorsprong is.



VOERMOL